# BETROUBARE ANKERS IN 'N SOEKENDE OPVOEDKUNDIGE WÊRELD

## I

(a) Die sentrale tema vir hierdie reeks interfakultêre lesings is kultuurbestemming. Die tema word dan sekerlik toegespits op die spesifieke gesigspunt van ons Universiteit. En dan mag ons die tema sekerlik so stel: die Christelik-Afrikaanse kultuurbestemming. Van die gesigspunt gesien sal my besondere bydrae sekerlik gaan oor die plek van die Christelike opvoeding in die verwesenliking en uitbouing van die Afrikaanse kultuur met die oog op ons Christelik-nasionale grondgedagte.

In ons bespreking dan gaan ek van die standpunt uit dat die Afrikaanse kultuurbestemming 'n Christelike grondslag en inslag moet hê en dat ons moet vasstel die bydrae en plek van die Christelike opvoeding in die bereiking van ons Christelik-Afrikaanse kultuurbestemming. Dit sal ons noodwendig voer tot die grondige ondersoek na die ankers, die betroubare ankers as bepalers van die plek van die Christelike opvoeding in die Christelik-Afrikaanse kultuurbestemming. En dit vereis tegelykertyd 'n ondersoek na die aan- of afwesigheid van betroubare ankers vir ons as Christen-Afrikaners in die moderne gedagtes en praktyke in die onderwys en opvoeding, na wat die heersende toedrag van sake is in die moderne soekende opvoedkundige wêreld. Ons kan en moet die magtige of onmagtige funksie van die opvoeding in die algemeen en van die Christelike opvoeding in die besonder vasstel of probeer vasstel in die verwesenliking van die bestemming van die Christen-Afrikaner in sy kultuurvorming en -ontwikkeling. Ons sal moet bepaal of die Christelike opvoeding 'n onveranderende of 'n veranderende gesag erken en handhaaf en of die moderne opvoeding net voortdurend 'n soeke is na verandering as bloot verandering in die erkenning en aanvaarding van die of 'n gesag. Ons sal moet vasstel of die beginsel van die Christelike opvoeding onveranderlik of veranderend is en of die moderne opvoeding net voortdurend van beginsel verander of selfs geen beginsel huldig nie. Ons sal moet ondersoek of die Christelike opvoeding met dieselfde maatstawwe of vorme in die werk van onderwys en opvoeding dit alles beoordeel, en of die

moderne opvoeding geen vasblywende maatstawwe erken en aanwend nie. Ons sal verder ook moet nagaan of die Christelike opvoeding ook die kennisfeite uitbou, verder ontwikkel, nuwes ontdek en vasstel of net die ou en verouderde kennisfeite krampagtig vashou, en of die moderne opvoeding net 'n gejaag is na en om sg. nuwe feite in die menslike kennis. En ons sal ten slotte ook moet aantoon of die Christelike opvoeding 'n saak van roeping, taak en opdrag is en of die moderne opvoeding ook nog rekening hou met die roeping, plig en opdrag van die ouers om die kind te onderrig of te laat onderrig. Na ons ondersoek sal ons inderdaad 'n antwoord kan gee op die kernvraag of die Christelike opvoeding nog in ons eeu van die veranderende gedagtes en praktyke 'n taak het om te verrig. En ons wil dan stel dat die Christelike Afrikaner meer as die nie-Christelike 'n bepalende bydrae kan en sal lewe tot die verwesentliking van die kultuurbestemming in Suid-Afrika.

(b) Ons sal kortliks moet vasstel of die Christen-Afrikaner 'n kultuurroeping in die algemeen en in die opvoeding in die besonder het.

As gelowige Afrikaners gaan ons van die standpunt uit dat God, die Skepper, die Onderhouer en die Regeerder is van hemel en aarde en van alles wat deur Hom op die aarde geplaas is. Volgens die Heilige Skrif het die Here die aarde gemaak met alles wat dit as woonplek vir die mens diensbaar en moontlik gemaak het. Die aarde wat eers woes en leeg was, was ook bedek met duisternis en die Gees van God het op die waters gesweef, en om die duisternis op te hef het die Here die lig geskep en ook 'n uitspansel (hemel) om skeiding te maak tussen die waters en waters. Hy het die waters onder die hemel versamel as die see en die droë grond (die aarde) het sigbaar geword. Daarop het Hy beveel dat die aarde gras, plante en bome sal voortbring. Die ligte aan die uitspansel is deur Hom gemaak om skeiding te maak tussen dag en nag. In die waters het Hy lewende wesens geskep en in die lug en op die aarde voëls, vee, kruipende diere, wilde diere. Dit het God in sy welbehae gedoen om die aarde, see en lug vir die koms van die mens voor te berei om daarin te lewe, te woon en te werk. Dit alles kan ons noem die natuur soos God dit vir die mens en tot sy eie eer geskep en voortgebring het. En nou skep God die mens (man en vrou) om op die aarde te

kom woon as sy besondere skepsele, sy beeld en gelykenis, tot sy eer en hul geluksaligheid. Die Here het na sy skepping voltooi is aan die mens wat Hy geformeer het, 'n lewenstaak toegeken: die mens moes die natuur bewaak, bewerk, beheers. Die mens se roeping en taak was inderdaad 'n bewerking en beheersing, 'n kultivering van die natuur. Hier begin die mens se kultuurbestemming: om die natuur deur God geskape tot sy eer en tot eie geluksaligheid te vul, te onderwerp, te beheers, te bewerk, te kultiveer: die natuur word deur die mens tot kultuur gemaak! Geen ander mens as die gelowige kan ten volle die lengte en breedte, die diepte en hoogte van die menslike kultuurvorming begryp, aanvaar en blymoedig verwesenlik nie.

En daarby kom die onnaspeurlike eis van God dat die mens hom voortdurend moet bekwaam vir sy groot taak en roeping op aarde. In die begin kon die mens in sy sondelose en heilige staat alles goed doen. Na sy skepping is hy deur God self in die tuin van Eden gestel om dit te bewaak en te bewerk. So goed het God hom vir die taak voorberei dat die Heilige Skrif kan getuig „en net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees". Die mens was volmaak, kennend, waar, goed, skoon, regverdig, heilig, godsalig; hy was die ware beeld en gelykenis van sy Maker. Maar op 'n vir die mens nog altyd onbegryplike wyse is hy deur die Satan verlei tot ongehoorsaamheid, sonde, ellende en dood. Die beeld van God is na liggaam en siel van alles beroof en het voor sy God verdoem en doemwaardig gestaan. En nogeens maar, die Here het deur sy Seun en sy Gees die mens uit sy sondestaat bevry, hom in genade herstel en gered maar hier op aarde nie volkome die beeld teruggegee nie: die mens word altyd in sonde ontvang en gebore en word groot in die stryd teen die sonde in en om hom; selfs die allerheiligste mens op aarde het nog skaars die begin van die ewige heerlikheid en heiligheid. Sy stryd om die natuur te onderwerp, te bewaak, te bewerk, te beheers het oneindig swaar geword, 'n stryd teen sonde en owerste van die duisternis. Van die kennis en waarheid, die goedheid en skoonheid, die geregtigheid en heiligheid, die geluk- en godsaligheid het die mens geval en verval tot onkunde en leuen, slegtheid en vuilheid, ongeregtigheid en onheiligheid, ongeluk- en ongodsaligheid. En nogeens maar, die Here het die mens nog bly gedenk, nog in hom 'n begeerte en verlange laat

bly om in Gods genade te streef sy lewe lank om God te vind, te ken, lief te hê en te dien. Hy het hom die gawes gegee na liggaam en siel om in die geloof die stryd, die wedstryd aan te bind om heilig te word en te wees, soos God self heilig is. Hiermee is grondliggend die voorwaarde, moontlikheid en noodsaaklikheid van die opvoeding gegee: die opvoeding moet onder Gods genade die mens terugvoer tot die gehoorsame nastrewe van die beeld van God wat hy verloor het deur sy eie skuld.

Dit kom dus daarop neer dat die gevalle mens geroepe is nie alleen om die natuur te bewerk en te bewaak, te kultiveer nie maar ook om homself as gevalle mens te bewerk, te bewaak, te beheers, te kultiveer. Die natuurlike en die menslike kultivering het een en dieselfde hoofdoel: om God te ken, lief te hê en te dien. Die mens se kultuurbestemming is dan die bewerking en bewaking en beheersing van die natuur en die mens tot die eer van God en tot die geluksaligheid van die mens. Dit is die verhewe, hoogheilige roeping van die mens in sy kultuur en in daardie kultivering neem die opvoeding 'n primêre plek in onder die middele wat God aan die mens toebeskik het. Die hele geskiedenis van die opvoeding is een deurlopende verhaal van die grootmaking van die mens vir sy taak op aarde en vir sy vorming vir die lewe hiernamaals — ten minste so bely die Christen. Die opvoeding onder ou-Israel was steeds nasionaal-godsdienstig in diens van die God van Israel; die vroeë en latere Christelike opvoeding was Christelik-internasionaal, en sinds die 18—19e eeu Christelik-nasionaal, en die van die Afrikaner Christelik-Afrikaans.

Om die moderne roeping van die Christelike opvoeder raak te sien en te vat, is dit nodig om eers die moderne, soekende opvoedkundige wêreld te leer ken en om dan die betroubare ankers in die Christelike opvoeding aan te wys, nader te ondersoek en duidelik te formuleer.

(c) Deur die eeue heen het denkers oor die opvoeding en daders in die opvoeding bly soek na blywende en betroubare ankers in die grootmaking van die kind.

In die bloeityd van die Griekse kultuur is daar niks sprekenders as die soeke van die diepste dinge in lewe en opvoeding nie. Die groot denkers, Sokrates, Plato en Aristoteles, kon hulle nie versoen met wat om hulle in lewe en opvoeding gebeur het nie. Sokrates het by sy soektog na die grondliggende

beginsels en waardes in lewe en opvoeding diep gedelf in die grond na mening, kennis en deug. Hier lê hy as grondgedagtes neer dat 'n mens jouself moet ken in jou onkunde en waanwysheid, dat die mens as sodanig die maatstaf van alle dinge is, dat die hoogste goed, nl. deug inderdaad kennis is en dat die mens tot deug opgevoed moet en kan word. Plato en Aristoteles het albei op hom voortgebou en nog dieper gesoek na betroubare ankers. Met die koms van onse Here in die vlees het daar 'n ingrypende verandering gekom in die beskouing oor die mens en in sy opvoeding: die mens moet weer gebring word tot kennis, liefde en diens nie van homself nie maar van sy Here. Met die opkoms van die Renaissance-Humanisme vind ons weer eens 'n soeke na ander ankers, die keer nie in die Woord van God nie maar wel in die woord van die mens self: die mens word weer die maatstaf van lewe en opvoeding. Langsamerhand het nieteenstaande die oplewing van die Christelike grondslag onder invloed van die Reformasie die humanistiese beskouing meer en meer deurgedring — eers in die Realisme, toe in die Rasionalisme, Naturalisme, Positivisme om vas te loop in die Evolusionisme, die volslae breuk met die Christendom.

Die twintigste eeu word in die opvoedkundige wêreld die eeu van die algehele ontkerstening en verwêreldliking van lewe en opvoeding. Niks hier staan vandag buite en bo die invloed van die ontkerstening en verwêreldliking van lewe en opvoeding nie. Ons vind 'n volhardende soeke na 'n algehele verandering van die opvoedkundige wêreld in die lig van moderne opvoedkundige denke en doen. Die humanisties-naturalistiese opvoeding vind sy grondleggers, vertolkers en praktiese beoefenaars in die moderne vrysinnige mens. Die vernaamste soekers na nuwe opvoedkundige ankers is die idealisnaturalis Giovanni Gentile (La riforma dell' educaztione), die realis-naturalis T. Percy Nunn (Education, its Data and First Principles) en die sosialis-pragmatis John Dewey (Education and Democracy). Hoe uiteenlopend hierdie leidende denkers in die opvoedkunde hulle beweeg in hul soeke na ankers in die opvoeding, hulle het een gemeenskaplike grondslag, nie die Woord van God nie maar wel die woord van die mens; hul denke is nie God-gerig, -veranker en -gesentreer nie maar wel menslik gerig veranker en gesentreer. Dit is weer 'n terugkeer na die ou humanistiese Sokratiese grondgedagte: die

mens is die maatstaf van alle dinge in lewe en opvoeding. Hierdie moderne denkers en hul geesgenootlike daders verwerp die sg. „ou" opvoeding in beginsel en in praktyk, en hulle stel in die plek van die ou tradisionele die sg. nuwe, moderne opvoeding. Wat is nou die wesenskenmerke van die nuwe, moderne opvoeding?

Ek wil en kan hier net in breë trekke wys op die wesenskenmerke van die nuwe opvoeding in die lig van ons algemene tema: die plek van die opvoeding in die strewe na en die verwesenliking van die Christelik-Afrikaanse kultuurbestemming. En ons mag nie ontken dat ons eie opvoeding in Christelike sin sterk beïnvloed word deur die gedagtes en ook die praktyke van die nuwe opvoeding nie. Die moderne opvoedingsbeweging is wêreld-wyd, alles-omvattend, almal-ingrypend, nasionaal-internasionaal, wysgerig-bepaal, ewolusionisties nie-Christelik. Omdat die nuwe beweging hom wêreld-wyd laat ken en geld, is dit vanselfsprekend dat die Christelike opvoeding hom nie vry van beïnvloeding kan (en hoef) te handhaaf en uitleef nie; omdat dit in opvoedkundige opsig alles-omvattend is en te doen het met die grondslae van die grootmaking van die kind (waarom, wat, hoe), kan die Christelike opvoeding homself nie daaraan onttrek nie; omdat dit almal inbegryp (jonk en oud, begaaf en onbegaaf, ryk en arm, blank en gekleurd, klein kind, kleuter, puber, adolessent, volwassene, akademies en beroepskundig of professioneel), mag die Christelike opvoeding hom nie daarbuite hou nie; omdat dit nasionaal-internasionaal is, die eie en die vreemde, die plaaslike en die algemene, die volkse en die wêreldse omvat, kan die Christelike opvoeding, wat uiteraard alle mense as voorwerpe van Gods genade beskou, hom nie verhef bloot tot die internasionale of nie net beperk tot die nasionale nie; omdat dit wysgerig bepaal is, d.w.s. die opvoedingsdaad bepaal word deur die opvoedingsdenke, mag die Christelike opvoeding wat in wese en daad en denke bepaal is deur 'n Christelike wysbegeerte, nie die siening van ander denkers (selfs ongelowiges) bloot as sodanig verwerp nie (God gee genade aan alle mense); en omdat dit ewolusionisties is, mag die Christelike opvoeding nie stilswygend teenoor die nuwe opvoeding staan nie, want dit is in sy wese kreationisties-Christelik; omdat die nuwe opvoeding ontkerstend en verwêreldlik is, moet die Christelike opvoeding standpunt daarteenoor neem en wys op die ewige be-

troubare ankers van 'n Christelik-opvoedkundige wêreld van denke en doen.

## II

Die Christelike opvoeding leef nie by 'n blote soeke na wêreldse ankers nie, dit het inderdaad ook sy ewige, betroubare ankers. Ons kan in ons opvoedkundige denke vyf sodanige ankers aanwys en vasstel: die gesag van Gods Woord, die beginsels gegrond op Gods Woord, die maatstawwe gegee in Gods Woord, die kennisfeite verwerf deur die gelowige in gehoorsaamheid aan Gods bevel, en die roeping, taak en opdrag van die Christelike opvoeding veranker in die Woord van God. Dit is dus vir die opmerksame leser duidelik dat die ewig betroubare ankers vir die Christelike opvoeding aan ons gegee is in en deur die Woord van God. Ons taak is nou om so kort en duidelik moontlik 'n formulering te gee van die wese en plek van die vyf groot en betroubare ankers in en vir die Christelike opvoeding as middel in die uitbouing en verwesenliking van die Christelik-Afrikaanse kultuur en sy bestemming. Die opvoeding tog is in sy diepste wese 'n proses van oordraging van die kultuur in en vir soverre die kultuur die vrug is van die mens se roeping om dit natuur (die skepping van God) te bewaak, te bewerk, te beheer.

(a) Die gesag as die primêre en blywende anker in en vir die Christelike opvoeding is die Bybel as die Woord van God. Die Bybel is die enigste afdoende, ware en betroubare bron en anker vir die Christelike opvoeding. Daarin openbaar die Here Hom in sy Woord en daad aan die mens, sy skepsel, sy beeld en gelykenis. Sonder die Bybel (in Oue en Nuwe Testament) sou ons niks weet aangaande ons Skepper, die Almagtige en die Ewige, onse Vader in die hemele. Daarin word ons ook meegedeel van die koms en die soenverdienste van onse Here Jesus Christus, en daarin leer ons die Heilige Gees ken wat in en by ons woon — daarin word aan ons geopenbaar die mag en krag van die Drie-enige God. Die Bybel is die bron van ons kennis van die Godsopenbaring. Dit gee aan ons die Wet van die Here as gesag en reël in ons lewe op aarde. Dit gee ons ook te kenne wat ons as mens is, waar ons vandaan kom en waarheen ons gaan, wat ons roeping, taak, opdrag en

doel op aarde is. Dit gee ons die ewige opvoedingsdoel as die vorming van die mens van God sodat hy volkome kan wees vir elke goeie werk volkome toegerus. Dit bied ons die hoof- of kerninhoud van alle Christelike opvoeding, dis openbaring van God aan die mens in die Skriftuur en die natuur; dit is geen leerboek in kennis en wetenskap in die algemeen nie, maar dit is die enigste gesaghebbende bron vir die Christelike godsdiens-onderwys en dit lê neer die grondslag, grondgedagte en beginsel en maatstaf van alle sg. wêreldlike onderwys. Dit lê vir ons ook neer die grondslag, beginsel en maatstaf vir die Christelike onderwysmetode met sy benadrukking van die metodes van mededeling, waarneming, denke en insig, selfstandige leer, inprenting, gewenning en geheue. En dit bepaal vir ons die ewige norme van die sg. orde en tug in ons lewe, die Wet van God is die reël van ons gedrag ook in die Christelike opvoeding.

Die absolute gesag in en vir die Christelike opvoeding is dus die Woord van God. Maar die Bybel as die Woord van God moet verstaan en verklaar word deur die woord van die geleerde, getroue en gelowige Christen. Na die Bybel vind die Christelike opvoeding die woord van die geleerde Christen 'n relatiewe, betroubare gesag, wat 'n tweeërlei waarde vir die Christelike opvoeding het: dit vat die Bybelse waarhede saam soos vervat in ons Drie Formuliere van Enigheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls); en dit verklaar op 'n regsinnige wyse die Bybelse woord soos vervat in die sg. Kantaantekeninge in die Bybel, en die menigte godgeleerde bronne; en ten tweede dit dien as bron vir die beoefening van ons Christelike kennis en wetenskap. Die Christelike teoloog, wysgeer, taalkundige, geskiedkundige, natuurkundige, ekonoom, regsgeleerde, opvoedkundige, sosioloog ens. is 'n voorbeeld en 'n gids en selfs 'n gesag vir die Christelike opvoeding. Maar as Christene aanvaar ons ook die feit dat die Here aan menige nie-Christen van sy wonders in die natuur soveel openbaar dat die kennis en insig van die nie-Christelike geleerde vir ons Christelike opvoeding ook sy onbetwisbare betekenis en bydrae het.

Maar die orde en gesag van die Woord is vir ons Christene baie duidelik aangestip: die woord van die Christen en van die nie-Christen het net betekenis en waarde vir sover dit ons die mag en krag van die Here meedeel, dus in ooreenstemming is

met die Woord van God. Die gesag van die Woord van God is absoluut, die gesag van die Woord van enige mens is net relatief, die gesag van die woord van die gelowige Christen is meer betroubaar as die van die nie-gelowige, die gesag van die woord van die mens word gemeet aan en deur die gesag van die Woord van God.

(b) In die Christelike opvoeding geld drie beginsels. 'n Beginsel beskryf aan ons die beginpunt of aanvang van ons kennis wat ons in die opvoeding en die lewe saamvat en uitbou, oordra en meedeel. Per slot van rekening hang alle opvoeding en onderwys, ook die Christelike af van mededeling, oordraging, uitvinding, inrigting van ons kennis. Grootmaking van die kind veronderstel in die eerste en laaste plek die onderrig van die kind na liggaam, siel en gees.

Die eerste beginsel van alle opvoeding is dat die mens kan ken. As dit nie so was nie, sou alle onderwys en opvoeding onmoontlik gewees het. Ons moet in ons denke oor die opvoeding begin met die aanname van die feit dat die mens 'n gawe van verstand het om te kan ken. Dit is vir die Christen 'n gawe wat die Here aan die mens met sy skepping gegee het en wel om die Here en sy skepping te kan ken. Hierdie kengawe (kenvermoë, of verstandsvermoë) kom van die Here. Genesis openbaar aan ons die geheim en wonder van die mens se skepping, sy heerlikheid is die beeld van God, sy plek as die aardse bewaarder, bewerker, beheerser van die Tuin van Eden en van alle lewende en lewenslose dinge op die aarde. Die mens was na sy skepping reeds so hoog na die verstand begaafd dat hy name kon gee aan al die vee, die voëls, die wilde diere, en net soos hy al die lewende dinge genoem het, so moes hulle naam wees. Hierin sien ons die grondslag, begin, moontlikheid, noodsaaklikheid van die mens se kennis van die natuur en sy mag om dit te bewaar, te bewerk, te beheer, te kultiveer. Dit is die inslag van alle kultuur van die natuur deur die mens. In sy kenlewe het die Here aan die mens die gawes van waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding en denke gegee. Hulle vorm die begin en beginsel van die mens se beoefening van kennis en wetenskap, en sonder die gawes van die verstand kan daar geen sprake wees van ken en weet nie. Wesens sonder die gawes van verstand is dan ook onvatbaar vir ware opvoeding. Die gawes van verstand het God aan alle mense

gegee, gelowiges en nie-gelowiges. Waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding, denke besit almal, Christen en nie-Christen in gelykwaardige mate. Hierin staan alle mense in hul bevoegdheid in geroepenheid om die kenbare te ken naas mekaar. En daarom is niemand te verskoon van God wat nie sy gawes van verstand gebruik om te kom tot kennis van God nie.

Maar die Christelike opvoeding vereis in die tweede plek 'n ander beginsel, beginpunt. Ons moet by ons Christelike opvoeding begin by en met die kennis van die Heilige Skrif. Die eerste onderrig wat die Christen-ouer aan sy kind gee, is kennis van God die Here, m.a.w. ons begin by en met die godsdiensonderrig. Die ouer bid en dank van die begin af vir en met die kind, vertel hom van God die Vader in die hemele, van Jesus Christus ons Saligmaker, van die Heilige Gees, die Vertrooster wat in ons woon, vertel hom uit die Bybel die wonderverhaal van die woorde en dade van God Drie-enig, Skepper, Onderhouer en Beheerder van die hele skepping. Gods Woord vorm die begin en beginsel van ons onderrig aan die kind. En op hierdie begin grond en rig ons die wêreldlike onderwys van die kind op alle stadia van sy verstandelike ontwikkeling. Kennis van die Bybel is nie alleen grondslag en begin van die Christelike opvoeding nie maar dit is ook die spil, die middelpunt van alle onderrig, dit is as 't ware die suurdeeg wat alle onderwys deursuur. Die klein kindjie, die skoolkind, die student, die grootmens, die ou mens moet in die Christelike opvoeding begin by en met die godsdiensonderrig. Hierdie beginsel vloei noodwendig vanuit ons gesagsanker.

Deur ons verstandsgawe en op grond van ons kennis van die Heilige Skrif kom ons tot 'n derde beginsel vir die Christelike opvoeding. En dit is die beginsel van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing. 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gee in laaste instansie 'n Christelike kennis en wetenskap. Elke Christen, kind en grootmens, moet 'n antwoord vind gegrond op die gesag van die Heilige Skrif oor sy verstaan van en opvatting oor die diepste lewensvrae. Dit begin in die vorm van 'n elementêre siening van lewe en wêreld en moet deur die Christelike opvoeding ontwikkel tot 'n grondige, wetenskaplike, stelselmatige beskouing oor lewe en wêreld. Geen mens is as Christen volmaak toeberei in sy lewenstaak as hy nie gekom het tot 'n gegronde en wetenskaplik verantwoorde lewens- en wêreldbeskouing nie. Al vroeg in sy lewe begin die

diepste lewensvrae hulle aan die mens opdring; die klein kind vra die vrae na die oorsprong, die wese en die einde (bestemming) van lewe, wêreld en mens. Waar kom baba vandaan? Wat is die kleine eintlik? Waar is die oorledene nou na die dood? Op die drie grondvrae moet die Christelike opvoeding in huis, skool en kerk die kind 'n antwoord gee. En ten slotte is die eie lewens- en wêreldbeskouing hoe vaag en hoe helder ook al die bepalende faktor in die lewe van die mens. Sonder 'n lewens- en wêreldbeskouing kan die lerende mens nie sy weg deur die lewe en wêreld vind op daardie volkome wyse wat die Bybel van hom eis nie. Lewens- en wêreldbeskouing is 'n lewensbeginsel in lewe en opvoeding.

(c) Die derde anker vir die Christelike opvoeding lê in die maatstawwe, norme, standaarde wat vir die mens se lewe en opvoeding op grond van die Woord van God geld. Ek het hier net drie maatstawwe of norme in die gedagte: die ware, die goeie en die skone, die logiese, die etiese en die estetiese norme. Hierdie drie maatstawwe staan nie los of net langs mekaar nie; hulle is ineengeweef, die een kan sonder die ander nie gehandhaaf word of geld nie, die ware moet ook goed en skoon, die goeie ook waar en skoon, die skone ook waar en goed wees. Al drie vloei voort uit en moet geld volgens die Heilige Skrif. Die ware word hier gedink as die wetenskaplikware, as die logiese: God het in die skepping van die mens in hom die gawes van die logiese denke en daad gelê en hy moet dit in sy denke en doen altyd laat geld tot eer van sy Skepper, dit kan en moet hy doen as 'n redelike wese deur God begaafd met verstand, dinkvermoë. Dit is juis as redelike wese wat die mens die natuur van God kan bewaak, bewerk, beheers, kultiveer. Die goeie word hier gesien as die sedelik-goeie, die etiese. God het in die mens die etiese norm self ingeplant, en die mens se etiese gedrag in die Tien Gebooie, veral in die laaste ses neergelê. Die laaste vyf gebooie lui een vir een: Jy mag of mag nie en wat jy mag of nie mag nie, staan in verband met jou verhoudinge tot jou medemens, net die vyfde bepaal: jy moet. Die sedewet in Gods gebod laat aan die mens die daadvryheid toe maar daad teen die eis van die gebooie bly in die oog van God ongehoorsaamheid en dus sonde. Hierdie ses gebooie is nie gebooie van mense nie maar inderdaad van God, daarom het hulle blywende, onveranderlike geldingsmag. Vir

die Christelike opvoeding geld dus in alle opsigte die etiese gebooie van die Wet van God: hulle is absoluut en onveranderlik, gegrond in die Bybel. Die skone word gestel as die estetiese maatstaf of norm. Die maatstaf is net soos die logiese en die etiese gegrond op die openbaring van God in Skriftuur en natuur. Vir die Christen en in die Christelike opvoeding kan die skone nooit om homself geld nie, d.w.s. die sg. leuse van die kuns om die kuns. Kuns, die skone, is alleen kuns as dit ook aan die vorme van die ware en die goeie voldoen: kuns wat onwaar en onredelik is, is vir Christen en Christelike opvoeding geen kuns nie. Die skone staan ook onder Gods openbaring, wil en wet: alles in die skepping van God is deur Hom gereël en gemaak as skoon. Selfs die Heilige Skrif kan genoem word die boek van skoonheid. Hierdie drie maatstawwe geld in die hele Christelike opvoeding as betroubare, vaste ankers.

(d) Die vierde anker in die Christelike opvoeding lê in die sg. kennisfeite. Die kennisfeite sien die Christen ook as deel van die openbaring van God aan die mens: die mens kan ken, en wat hy kan ken, is aan hom geopenbaar. Daar is twee soorte feite, maar hier moet ons net dink aan die tweede soort. Daar is in die eerste plek die heilsfeit wat aan ons gegee word in die Woord van God: hulle is geloofsfeite, ewigheidsfeite, besondere openbaringsfeite. Hulle vorm die beginsel van al ons kennis. Hulle is die feite in ons kennis van God as Skepper, Onderhouer en Regeerder van hemel en aarde. Ons dink egter onder die vierde anker aan die tweede soort feite van ons kennis: die algemene openbaringsfeite in natuur gegrond op die besondere openbaringsfeite in die Skriftuur. Hierdie feite val binne die menslike ervaring, empirie, en daarom noem ons hulle ook empiriese feite. Hierdie feite moet die mens uit die natuur deur empirie ontdek en vasstel, soms selfs uitvind. Die empirie leer ons dat ons kennis logies, betroubaar en geldig moet wees. 'n Sogenaamde feit, stelling of bewering wat los staan van die toets van die werklikheid, is geen ware, wetenskaplike feit, stelling of bewering nie. Dit moet goed verstaan word dat die kennisfeite van die Christelike opvoeding net so logies, betroubaar en geldig is en kan wees as vir die nie-Christelike opvoeding. Die kennisfeite van die wetenskap word ontdek, uitgevind, vasgestel deur die mens en sy verstandsvermoë: waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding, denke.

Die Christelike geleerde het geen ander feite of voorwerpe om te leer ken, om te ondersoek en na te speur nie as die nie-Christelike geleerde: dieselfde natuur word deur albei ondersoek, dieselfde geopenbaarde dinge vorm die voorwerpe van hul waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding en denke. Vir Christen en vir nie-Christen is twee en twee in optelling vier: alle natuurverskynsels is toeganklik, ewe toeganklik vir Christen en nie-Christen. Maar, en tog, vir die Christen is die verskynsels en voorwerpe deel van die algemene openbaring van God, deel van die middele om God te ken, lief te hê en te dien. Geen aardse verskynsel of voorwerp staan buite die openbaring nie, staan los van die Skepper en sy eer nie — dit is inderdaad net en altyd 'n middel of weg om God te ken en te dien. So sien die Christelike opvoeding die kennisfeit in die onderrig van die kind. Geen feit in die natuur kan en sal ooit kan bots met die Woord van God as openbaring van Hom nie. God het alle dinge, alle verskynsels, alle voorwerpe van studie in sy hand — Hy roep hulle op. Hy gee hulle in die mens se hand vir ondersoek, Hy wil dat die mens hulle bewaak, bewerk, beheers, kultiveer. Elke ontdekking en elke uitvinding lê maar net bloot wat God in sy Almag in die skepping gelê en gewil het. Wie mens is deur God begiftig en begenadig om die wonders, klein en groot, van die natuur te deursoek en te deurpeil — en God gee die mens te kenne wat Hy wil te kenne gee. Geen ontdekking of uitvinding van en deur die mens staan buite God se genade en beskikking nie. Die mens mag hom nooit beroem oor wat hy as feit vind nie! Eureka is nie die woord vir die Christen nie, maar net hinderlike aanbidding en dank is sy antwoord op wat hy uit genade mag vind! Die Christelike opvoeding vermy, verwerp, verag geen feit of verskynsel wat blootgelê is deur wetenskaplike navorsing nie, selfs nie die deur die nie-Christelike navorser nie. Van alles wat aan die eis van Gods Woord voldoen en daaraan beantwoord, maak hy dankbaar gebruik. In die Christelike opvoeding vind ons dus dieselfde inhoud van kennisfeite as in die nie-Christelike. Maar daar lê 'n onoorbrugbare kloof tussen die Christen en die nie-Christen in die gebruik van die inhoud en in die houding daarteenoor: alle inhoud dien om God te ken, alle inhoud is 'n bron van kinderlike dank vir die geopenbaarde, ontdekte, uitgevonde, vasgestelde feit.

Ons kan wat ons kennisfeite betref, die volgende groepe of

soorte noem: biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, historiese, ekonomiese, politieke. Wat die nie-Christen binne die groepe kan ondersoek, kan ook die Christen doen. Benewens hierdie empiriese feite, moet ons ook nog noem die teoretiese feite soos die logiese, die etiese en die estetiese — sowel Christen en nie-Christen kan hulle op die terreine begeef. Oor die verklaring van die empiriese feite loop die insigte van die Christen en nie-Christen soms nogal skerp uiteen. Oor die aanvaarding van die norme van die logiese, etiese en estetiese kom daar grondliggende verskille voor — die etiese norme vir die Christen lê vasgeanker in die Bybel as Woord van God, en oor die estetiese norme is daar meestal ook groot verskil van mening en insig — vir die Christen is die skone gebind aan die ware en goeie; oor die logiese norme is daar gewoonlik min verskil, 'n logika deur John Dewey verskil nie inhoudelik nie maar net normatief van 'n logika deur D. H. Th. Vollenhoven.

(e) Die vyfde en laaste anker in die Christelike opvoeding is die anker van geroepenheid, van taakopdrag. Die Christelike opvoeding het 'n hoogheilige roeping en opdrag, wat vir die Christen kort en suiwer saamgevat is in 2 Timotheus 3 : 16 en 17. Die Christelike opvoeding moet die mens van God volkome maak, volkome toerus vir elke goeie werk. Die roeping en opdrag van die Christelike opvoeding is die uit- en volvoering van die bevel van God op die ouer (en onderwyser) gelê om die kind groot te maak in die vrees en weg van die Here tot sy eer, diens, verheerliking en tot die mens se saligheid. Volmaakte toerusting lê in die herstel en vernuwing van die gevalle beeld van God in die mens: die ware, die goeie, die skone, die regverdige, die geheiligde, die gesaligde mens. Hierdie roeping en opdrag besit die hoedanigheid van finaliteit en absoluutheid: dit bly altyd geldend vir die Christen: in die eerste eeu van ons tyd was die mens geroepe tot die volkomenheid en het die Christelike opvoeding dit as sy hoogste taak aanvaar, na twintig eeue is dit nog net so geldend en onveranderd. Hierdie anker van die geroepenheid is betroubaar, dit wankel, wissel of verander nie; dit is vas in die Woord van God wat nooit sy Woord ontrou is nie.

(f) As ons nou ten besluite die betroubare ankers van die Christelike opvoeding in teenstelling bring met die wisselende, veranderende, onvaste „ankers" van die modernistiese,

humanistiese opvoeding, tref die ingrypende verskil ons op 'n verskriklike wyse.

Die vaste, betroubare anker van die Bybel in die Christelike opvoeding mis ons in die moderne opvoeding; vir die Bybel as die gesag in lewe en opvoeding het die moderne opvoeding geen eerbied of geloof nie. Hier geld net die gesag (vir korter of langer) van die groot man op die gebied van die opvoedkunde, 'n Gentile, 'n Percy Nunn, 'n Dewey. Daarom bly die moderne opvoedkundige en onderwysman net 'n soeker na een of ander anker; die soeker vind geen vaste rusplek nie. Die Christelike opvoeding het ook sy groot manne maar hulle staan almal op en by die Woord van God.

Vir die Christelike opvoeding is een vaste beginsel 'n kennis van die Woord van God en daaruit spruit voort en daarop word voortgebou die kennis van Gods natuur, verwerf en uitgevoer in opdrag van die Skepper. Vir die Christelike opvoeding geld dus die beginsel van die Christelike wetenskap wat beoefen word in die lig van die geopenbaarde waarheid; in U lig sien ons die lig, ook in die wetenskap. Vir die moderne opvoeding, daarenteen, is 'n kennis van die Bybel geen beginpunt om die wêreld en die mens te ken nie. En vir die moderne opvoeding geld dus eenvoudig die sg. wetenskap as wetenskap sonder enige binding aan die Skrif. Daar is ook 'n fundamentele verskil in die beginsel van lewens- en wêreldbeskouing. Die moderne opvoeding berus inderdaad op 'n lewens- en wêreldbeskouing (o.a. die realisme, die naturalisme, die pragmatisme), maar dit is heel beslis 'n humanistiese beskouing sonder enige binding aan die Christus van die Skrifte. Die oorsprong, wese en bestemming van lewe en wêreld (en mens) word grondliggend anders beskou as deur die Christen.

Die moderne opvoeding handhaaf ook ander norme of standaarde van logiese, etiese en estetiese aard. Hier geld nie die grondslag van die ware, die goeie en die skone in en op die Woord van God nie — die grondslag is die woord van die mens, met die mens as maatstaf van alle dinge. Daar is by die moderne opvoeding geen betroubare, vaste, onveranderlike gronde vir die ware, goeie en skone nie.

Die moderne opvoeding staan ook lynreg teen die Christelike opvoeding in die soeke na en verklaring van die kennisfeite in die opvoeding. Vir die moderne opvoeding het die kennisfeit geen verband met die Skrif nie, dit is geen deel van die

openbaring van God nie en dit het geen betrekking op die kennis en diens van God nie. Hier bots die kennisfeit met die Bybel.

En ten slotte bestaan daar 'n onoorbrugbare kloof tussen die Christelike en die moderne opvoeding ten opsigte van die vyfde, betroubare anker van die Christelike opvoeding. Vir die moderne opvoeding is daar geen onveranderlike, ewige, finale opvoedingsopdrag en -roeping nie. In die moderne opvoeding vind ons 'n soeke en strewe na die mees uiteenlopende beskouings oor sy taak. Maar een ding is tog betreklik geldend: dit gaan om die mens, vir die mens, deur die mens en tot die mens. Inderdaad is daar geen betroubare anker van geroepenheid in lewe en opvoeding in die moderne opvoeding nie. Daarenteen is die Christelike opvoeding veranker aan die geroepenheid, die opdrag tot opvoeding. Dit is God wat roep tot opvoeding, nie die mens (kind en grootmens) wat roep nie. Dit is in die Christelike opvoeding 'n roeping tot volkomenheid, tot volkome toerusting van elke goeie werk, hier op aarde en vir die lewe in die hiernamaals. Die moderne opvoeding ken net die opvoeding vir hierdie lewe. Daar is geen lewe verder nie en daarom is daar net 'n voorbereiding vir die volwasse lewe op aarde, en dit bied geen vaste, absolute anker nie. Vir die Christelike opvoeding is opvoeding nie alleen moontlik nie maar ook noodsaaklik. God maak dit moontlik en Hy eis dit onverbiddelik.

In ons kultuurbestemming as Christelike Afrikaners het die moderne opvoeding geen betroubaarheid en vastigheid nie, net die Christelike opvoeding het 'n onweerlegbare, onmisbare, hoogheilige plek en taak!

Die Christelike opvoeding het vir die Afrikaanse kultuur die enigste gesag, die ware beginsels, die hegte maatstawwe, die suiwere kennisfeite en die ewige opdrag tot opvoeding in die wese en die weg van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

J. Chr. Coetzee.

Pretoria.